higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

RUIMTELIKE BEPLANNING TEORIE EN PRAKTIES N4

(10050304)

14 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Kandidate mag tekeninstrumente en sakrekenaars gebruik wanneer hulle hierdie vraestel beantwoord. A4-kalkeerpapier en A4-ruitpapier sal aan elke kandidaat voorsien word.

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

121Q1B2214

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
RUIMTELIKE BEPLANNING TEORIE EN PRAKTIES N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n blou of swart pen.
6. Gebruik jou eie tekeninstrumente, drukpotlood, tegniese penne en potloodkryte vir praktiese tekenvrae.
7. Gebruik ’n sakrekenaar waar nodig.
8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Gee ’n rede vir die antwoord.

1.1 ’n Kliënt se opdrag is gebaseer op ’n gesin se ekonomiese situasie.

1.2 Die binnehuisversierder is slegs verantwoordelik vir die estetiese verbetering van ’n binneruimte.

1.3 Die fisiologiese behoeftes van ’n mens is die ergonomiese verhouding van ’n mens in hul omgewing.

1.4 Antropometrika is die studie van die mates van die liggaam.

1.5 3,45 m is dieselfde afstand as 3 450 cm.

1.6 Sirkulasie en verkeersvloei kan van enige kamer na die agterdeur beplan word.

1.7 Skynsel kan verhoed word deur skerp kontraste tussen lig en donker te vermy.

1.8 Akoestiek en HVAC-stelsels is die funksionele aspekte van die binne-omgewing.

1.9 ’n Futon is ’n Japannese tipe tafel wat in eetkamers gebruik word.

1.10 Ritme verwys na hoe die oog van een plek na ’n ander in ’n kamer gelei word.

(10 × 2) **[20]**

VRAAG 2

Kies ’n item uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Die ekwilibrium tussen een groep meubels en ’n ander	A	eenheid
2.2	Identiese stukke aan elke kant van ’n fokuspunt	B	plastiek
2.3	Items wat lyk of hulle bymekaar hoort	C	1 200 mm
2.4	Vestiging van aandag op ’n sekere area	D	900 mm
2.5	Vlekvrye staal, chroom, aluminium, gietyster en smeeyster	E	920 mm
2.6	Viniel, melamien, akriel en polikarbonaat	F	600 mm
2.7	Die elmboogspasie tussen plekke om die eetkamertafel	G	klem
2.8	’n Ronde tafel wat vir ses mense sitplek bied	H	formele balans
2.9	Die breedte van ’n enkelbed	I	metaal
2.10	Die breedte van ’n gang	J	simmetries

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Bestudeer die prent en beantwoord dan die vrae:





[Bron*: http://serbakuota.com/room/]*

3.1 Is hierdie 'n horisontale plan of 'n meerverdiepingplan? (1)

3.2 Verduidelik jou keuse in VRAAG 3.1. (2)

3.3 Wat is die voordele en nadele van 'n horisontale plan? (8)

3.4 Verdeel die kamers in publieke ruimte en private ruimte.

Maak 'n lys met 'n opskrif vir publieke ruimtes en 'n afsonderlike opskrif vir private ruimtes. (7)

3.5 Is hierdie 'n oop plan of geslote plan? Staaf jou antwoord. (2)

[20]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik jou rol as 'n binnehuisversierder aan jou nuwe kliënt. (10)

4.2 Verduidelik hoe jy aan die sekuriteitsbehoeftes vir 'n kliënt se huis sal voldoen. (5)
[15]

VRAAG 5

Bespreek die sielkundige aspekte van lig. **[10]**

VRAAG 6

6.1 Stel 'n kontrolelys op van die meubelvereistes vir 'n kind se kamer tussen vyf en 10 jaar. Gee redes vir jou keuses. (10)

6.2 Verduidelik die volgende badkamertoebehore:

6.2.1 *Sifoniesestelselteoilet* (3)

6.2.2 *Mengkraan* (2)

6.3 Watter kriteria sal jy oorweeg wanneer jy meubels vir 'n interieur kies? (10)
[25]

TOTAAL AFDELING A: 100

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 7

Kliënt se opdrag vir ’n hoofslaapkamer
Jou kliënte, mnr en mev Grey, benodig jou binnehuisversierdiens. Jy word gevra om ’n hoofslaapkamer (slaapkamer 1) en ’n patio te ontwerp. Die vensters is albei 1 000 mm breed. Die skuifdeur is 2 100 mm. Jou inspirasie moet van die buite-aansig kom.





[Bron*: https://61custom.com/houseplans/studio600/]*

7.1 Verwys na die tekening hier bo. Dit is die bestaande vloerplan wat vir die nuwe voorstel gebruik moet word. Teken 'n vloerplan van slegs slaapkamer 1 en die onderdakpatio van jou voorstel op A4-kalkeerpapier. Die skaal wat jy moet gebruik is 1 : 50. Die evaluasie sal volgens die volgende kriteria en relevante inligting gedoen word:

7.1.1	Tekentegniek, insluitende konstruksielyne, kruislyne, 45° reël, inklyne, korrekte gebruik van lyngewigte en netheid	(12)
7.1.2	Afmetingstegniek, insluitende ordening en belaging van afmetingslyne, totale afmetings, korrekte styl, korrekte afmetings en korrekte gebruik van skaal	(10)
7.1.3	Ergonomie, insluitende verkeersvloei, korrekte meubelgroottes en korrekte plasing van meubels	(12)
7.1.4	Simbole, insluitende elektries, meubels, ingeboude meubels, mure, vensters, deure, etikettering van meubels en noordpunt	(16)
7.1.5	Opdrag: Konstruksienotas met gidse, getabuleerde elektriese legende, getabuleerde meubellegende, getabuleerde sanitêre legende en titel van tekening	(15)
7.1.6	Oriëntasie: Plasing van Noord in verhouding tot sonlig en die korrekte oriëntasie van die vloerplan tot die tekenvel	(2)
7.1.7	Kleur: netheid en kleurskema	(2)
7.1.8	Sonering: beplanning, borreldiagramme en aktiwiteitsareas	(6)

7.2 Verduidelik jou ontwerpvoorstel, met inagneming van die hoofslaapkamer en patio, deur na die volgende te verwys:

7.2.1	Versieringstyl	(1)
7.2.2	Konsepstelling	(2)
7.2.3	Kleurskema	(2)
7.2.4	Gemoedstemming en binne-atmosfeer	(2)
7.2.5	Vloerbehandeling	(2)
7.2.6	Muurbehandeling	(2)
7.2.7	Vensterbehandeling	(2)
7.2.8	Meubelkeuses, insluitende groottes	(6)
7.2.9	Bybehore	(6)

[100]

TOTAAL AFDELING B: 100
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou